transmed MEDICAL FUND

November 2022
Guardian-plan

Geagte Lid

**VOORDELE EN BYDRAES VIR 2023**

Transmed stel hiermee die Fonds se voordele vir 2023 bekend. ‘n Voordelegids is saam met hierdie brief ingesluit om u te help om te verstaan hoe om die mediese voordele op u plan die beste te bestuur.

**Voordele vir 2023**

Transnet voorsien steeds aansienlike befondsing om die Guardian-plan te onderhou, wat die Fonds in staat gestel het om alle bestaande voordele op hierdie plan in 2023 te behou.

- Voordeellimiete is in lyn met verwagte tariefverhogings verhoog.
- Die toerusting- en prosteselimiete is verhoog in lyn met die huidige koste van toerusting en prostesisse.

Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons kliëntediens-departement by 0800 110 268 en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.

**Bydraeverhoging vir 2023**

Bydraes sal met 2% verhoog word. Die ingeslote voordelegids vir 2023 verskaf volle besonderhede.

*Let asseblief daarop dat hierdie bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.*

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die 24-uur-voorafmagtigingsdiens (tolvry by 0800 225 151) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys tydens ‘n noodgeval en wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is elke dag vir alle toelatings beskikbaar en na-ure, oor naweke en openbare vakansiedae tydens noodgevalle.

**Ambulansdiens**

In die geval van 'n mediese noodgeval wanneer 'n ambulans benodig word, kontak Europ Assistance asseblief by 0800 115 750. Hierdie diens is 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

**Hello Doctor**

Hello Doctor is ‘n selfoongebaseerde diens wat u voorsien van direkte toegang tot gekwalifiseerde dokters vir gesondheidsadvies en -inligting op u foon, tablet of rekenaar.

Indien u mediese raad benodig, versoek 'n oproep of aanlyngesprek deur by ons app of webtuiste aan te teken. Andersins kan u *120*1019# skakel en die aanwysings volg. Vir tegniese ondersteuning, stuur 'n WhatsApp-boodskap na +27 73 778 4632.


*Vervolg op keersy*

Traduna House, 118 Jorissen Street, Braamfontein 2001 PO Box 2269, Bellville 7535
Traduna House, Jorrisenstraat 118, Braamfontein 2001 Posbus 2269, Bellville 7535
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2020 or/of 0800 110 268 (SATS Pensioners/SAVD Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2024 or/of 0800 450 010 (Working Members and Pensioners/ Werkende Lede en Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2026 (Service Providers or/of Diensverskaffers) Fax/Faks 011 381 2041/2 Email/Epos enquiries@transmed.co.za Website/Webtuiste: www.transmed.co.za

**Ten slotte**

Ek wil u en u gesin namens die Raad van Trustees ‘n gesonde en voorspoedige 2023 toewens.

Vriendelike groete



**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE